Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

28 September 2022
Nuusbrief No 33

Liewe Ouers,
Braaidag was vir die kinders so lekker! Ons Boeresport was heerlik en die boereworsrolle nóg heerliker! Baie dankie aan die volgende Pappas wat vir ons gebraai het: Deon van Wyk, Andries Brink en Jonathan Hattingh.
Dankie aan die ouers wat bydraes gestuur het om dit 'n lekker dag te maak.

Die skool sluit eerskomende Vrydag om 10:00. Die vakansieskool neem in aanvang om 10:00 vir al ons Naskoolkinders. Die skole heropen Dinsdag, 11 Oktober 2022.

Personeel:

- Baie geluk aan studentejuffrou, juffrou Chanté, van die Olifantklas wat in die vakansie op 8 Oktober verjaar.
- Ons wens vir jou 'n geseënde nuwe lewensjaar toe, Chanté!
- Die personeel bedank elke ouer vir die heerlike kwartaal wat ons saam gehad het. Dit was 'n besige kwartaal met baie bedrywighede wat plaasgevind het.
- Ons is reeds besig met die beplanning vir volgende jaar en weet dat die laaste kwartaal in 'n oogwink verby gaan wees. Ten spyte daarvan sien ons daarna uit om die kwartaal met ons kinders af te sluit met vele aktiwiteite en pret.

Verslae:

- U ontvang vandag u kleuter se Derde Kwartaal Verslag.
- Die personeel is trots op elke kindjie se vordering en gaan nou klem lê op afronding en vaslegging gedurende die Vierde kwartaal.
- Deel in u kleuter se vordering en prys hul harde werk... ja, hul leer terwyl hul speel, maar vir klein lyfies om te groei en te ontwikkel is dit "harde werk!"
- Indien u die klasonderwyseres wil spreek aangaande u kind se ontwikkeling, is u welkom om na die vakansie 'n afspraak te maak.

VIA-opname: 19 Oktober 2022:

- VIA het die Laerskool genader om 'n opname te maak en deel te neem aan 'n uitsending van UITBLINKERS wat dan op DSTV uitgesaai gaan word.
- Hulle vra dat die Gr 00 kleuters ook hieraan sal deelneem in die vorm van 'n enkele (musiek)item wat aan die begin van die opname sal geskied.
- Die Laerskool-ouers gaan kaartjies koop vir die geleentheid en toeskouers wees tydens die opname.

- Dit is 'n aandfunksie en die kleuters gaan hulle optrede op die verhoog in die saal hou, en daarna saam met u huis toe vertrek.
- U moet asseblief die toestemmingsbriefie invul wat aandui dat u kind deel van die opname mag wees.
- U kind is nie verplig om hieraan deel te neem nie, maar uiteraard moet u besef dat die kinders wat aan die optrede deelneem, op die uitsending mag verskyn en daarom moet u toestemming daartoe verleen.
- **Ons sal ook aanbeveel dat kinders wat vinnig onseker raak en vir wie 'n item op die verhoog en 'n saal vol mense 'n onaangename ervaring gaan wees, eerder nie hieraan sal deelneem nie. Dis nie die moeite werd om 'n kind bloot te stel aan so 'n groot ervaring wanneer hulle emosioneel nie daarvoor gereed is nie.**

Vierde Kwartaal beplanning:

- Vir u beplanningsdoeleindes gee ons die datums van al ons beplande aktiwiteite vir u deur:

11 Oktober:	Skool Open
19 Oktober:	VIA opname Gr 00
28 Oktober:	Instappie: Plaasdiere – "Petting Zoo" – alle groepe
3 November	Hasie- en Eendjieklasse koekverkoping
4 November:	Kaskar- en Gladiatordag (Springkastele)
19 November:	Kuierdag (2023 se 2–3 jariges, Gr 000 en Gr 00 by Parkieland, huidige Gr 00'e by Gr R)
24 November:	Sertifikaatplegtigheid
9 Desember:	Waatlemoenpret en roomyspartytjie
14 Desember:	Skool sluit – Geen vakansieskool

Jêmbekkie:
Dinsdag het Brooklyn dierekliniek by ons kom kuier. Die veearts vra vir die kinders of hulle weet wat gebeur as hulle hondjie se tand seer is. Ja, sê een van die Gr 000 dogtertjies. Julle trek hom en dan moet die tandefeëtjie kom!

Baie dankie John en Liani, die kinders het julle besoek baie leersaam gevind.

Geniet die vakansie, reis veilig en kom uitgerus terug vir die laaste hekkie van die jaar!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥GLO♥IN♥HULSELF♥



Parkieland vier Erfenisdag met

Pannekoek!

Boeresport!

Braai!

Koeksisters!

Proteas!

I ♥ SA

28 September 2022

Liewe Parkieland Ouers,

Op 19 Oktober kom Via ‘n video-opname maak van ons skool vir hulle program: Uitblinkers.

Vir u kind om hieraan deel te neem, het ons u toestemming nodig. Vul asseblief die meegaande skeurstrokie in om toestemming te verleen.

HIERMEE VERLEEN EK, _____ OUER VAN _____

IN DIE _____ KLAS TOESTEMMING DAT HY/SY MAG DEELNEEM AAN DIE VIA-VIDEO-OPNAME OP 19 OKTOBER 2022 WAT PLAASVIND BY LAERSKOOL MENLOPARK. EK VERSTAAN DAT DIE OPNAME VAN UITBLINKERS OP DSTV UITGSAAI GAAN WORD.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER DATUM